FOTO
HANNES LOCHNER
TEKS
SARIETHA ENGELBRECHT

Een mistige môre...

Die fotograaf Hannes Lochner gaan hou dikwels vakansie in Kaokoland in die noorde van Namibië. "Op dié foto geniet my vriende Ettienne en Ann-Marie die sonsondergang noord van Purros," sê Hannes.

"Purros is nou een plek waar jy regtig Namibië se natuurskoon en ongerepte natuurlewe kan geniet. Hier kan jy buite nasionale parke kyk na 'n verskeidenheid wilde diere.

Ons het hierheen gekom om woestynolifante te soek.

"Die plekkie is by 'n rivierbedding, ongeveer 40 km van die see af. Dit is hoekom daar so baie mis is. As jy 50 km die binneland inry, is daar niks meer mis nie.

"Die kombinasie van die warm dag en koel temperatuur in die oggend maak hierdie 'n baie lekker vakansieplek. En daar is niks mense nie.

"Salig."